# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Genade maak lewend, verbeter en verbuig lieflik en kragtig

**Skriflesing:**
Handelinge 17:15-34
(2020)

**Teksvers**:
Handelinge 17:30-31

**Sing:**
Ps 98:1, 2
Ps 102:1, 8
Sb 16-1:3
Ps 103:1, 7, 9
Sb 2-4:1, 2, 3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Wanneer 'n mens met 'n 2-3 jarige peuter te doen het, weet jy dinge kan baie interessant wees. Die kleinste en vreemdste dinge is fassinerend.

Wat egter nie so wonderlik is nie, is die wil van daardie selfde peuter. Soms weet hulle self nie wat hulle wil hê nie, en raak gefrustreerd. Dit neem baie geduld en liefde en deernis van ouers en boeties en sussies om so klein mensie te help verstaan, om hulle wil te buig, sodat 'n gesin in vrede kan saam leef.

Op baie manière is dit presies hoe God deur sy genade weer lewe in ons wil wek. Hy verbeter ons, en buig ons lieflik en met krag sodat ons mag wees wat Hy wil. So word ons weer gebore, uit God se genade, deur sy liefde.

**SONDAGAAND 18:00**

## Laat My lammers wei

**Skriflesing:**
Joh 21:1-25
(1953)

**Teksvers**:
Joh 21:15

**Sing:**
Ps 105:1, 5
Ps 78:1, 2
Ps 128:1, 2, 3, 4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Pieter le Roux
(GK Wonderboompoort)

In ons skrifgedeelte lees ons hoe Jesus drie maal vir Petrus vra: *Het jy My waarlik lief?* Telkens as Petrus antwoord, kry hy ook 'n opdrag i.v.m. Jesus se kudde. Die eerste is: '*Laat My Lammers wei.*'

In vanaand se prediking wil ons hierdie Bybelse opdrag behandel aan die hand van die volgende punte:

1. Wie moet die lammers laat wei?
2. Hoe moet ons hulle laat wei?
3. Wat motiveer ons om hulle te laat wei?




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49 Nr 28 1 Sept 2024**


## Leer van die Vyeboom

Soos sneeu in die somer en reën in die oestyd, so reken die Spreukedigter, so pas eer nie by 'n dwaas nie. Hoewel hierdie spreuk handel oor die dwaas, sê dit ook iets oor die seisoene. Soms gebeur dinge anders. Soms is daar sneeu in die somer. Soms reën dit in die oestyd.

God het egter reeds in Genesis 8, na die vloed bepaal dat die seisoene vasgestel word, net soos die planete in hulle wentelbaan. En so staan ons voor die deur van 'n nuwe lente. Almal wens die winter wil einde kry, sodat daar 'n nuwe seisoen kan aanbreek.

Wat 'n nuwe tyd so merkwaardig maak, is die totale verandering wat dit bring. Hierdie dooie, dorre aarde bring die pragtigste blomme en bloeisels voort. Die skepping word as te ware uit die winter rus wakker gemaak.

Baie maal is dit ook so in ons lewe. Ons gaan deur seisoene. Soms deur swaar en moeilike tye, ander kere weer met vreugde en opwinding met die hoop van 'n nuwe dag. Dit is egter die swaar van gister se winter wat die skoonheid van lewe so mooi maak vandag.

Dit is ook so met die geskiedenis. Op 23 en 24 Augustus 1572 was daar 'n gruwelike vervolging van Protestante in Frankryk nadat Hendrik van Navarre, 'n Protestant, getrou het met Margaret van Valois, 'n Rooms Katoliek, en suster van die Koning Karel IX. Weens 'n sameloop van omstandighede en 'n mislukte sluipmoord op Admiraal Gaspard de Coligny 'n paar dae te vore, volg daar 'n slagting van meer as 20 000 gereformeerdes (sommige reken baie meer).

Hierdie gereformeerde Protestante het bekend gestaan as Hugenote, en moes noodgedwonge vlug ter wille van geloof. Sommige het veiligheid gevind in Switserland, Holland en baie het ook later na Suid Afrika gekom, waar hulle gevestig het in Franschhoek.

Baie van ons Afrikaners dra vandag nog die nalatenskap nie net in van nie, maar ook in die navolging van geloof. Daar is egter ook baie winde van verandering wat waai. Een ding is egter seker, dat daar na die winter weer lente sal wees. Mag die Here nie net 'n nuwe seisoen bring met die lente in die natuur nie, maar ook 'n geestelike herlewing in ons gemeente.

Soos ons Here Jesus getuig: "*Leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.*" Matteus 24:32-34

Lourens (vdm)

# ALGEMENE INLIGTING

**EREDIENSTYE**
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614** Basdenlaan 226
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00* Lyttelton
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

*Die nuwe lewe in Christus!*

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 20, Ps 90:1 Volgende week: Hersiening, Les 14-20, Ps 90:1

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná die Skriflesing na die kleuterklas kamer 8.
Vandag: Jesus se eerste wonderwerk, Ps 18 Volgende week: Jesus kies sy dissipels, Ps 18

## KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens) | Vandag: **Transoranje Instituut** (by die deure) | **Instandhoudingsfonds** |
|---|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Sustentasiefonds** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za






## Kosstalletjies

Ons het dringend hulp nodig vir die kerk se markdag om die kosstalletjies te bemanning. As jy kan help met jou tyd en energie, sal dit waardeer word. Jy kan jou naam Sondag na die diens op die lyste skryf wat op die stoep is, of Whatsapp Gawie Erasmus by 0824489658.
Hulp word benodig vir die volgende stalletjies:

- **Kerrie en rys** *(benodig mense vir opskep en verkoop).*
- **Melkkos** *(benodig mense vir opskep en verkoop).*
- **Pap & kaiings** *(benodig mense vir opskep en verkoop).*
- **Pannekoek** *(benodig mense vir bak, rol en verkoop).*
- **Sosaties, boereworsrol en Prego's** *(benodig mense vir die verkoop, diakonie sal braai).*
- **Bazaar poedingtafel** *(benodig mense vir opskep en verkoop).*
- **Koektafel** *(benodig mense om te verkoop).*
- **Koeldranke** *(benodig mense om te verkoop).*

Baie dankie vir skenkings wat reeds ontvang is, plaas skenkings in die sleepwa by kerk se ingang.

***Ons benodig die volgende bestandele:***

| | | |
|---|---|---|
| Tastic rys (15 kg); | maalvleis (36 kg); | gevriesde gemengde groente (12 kg); |
| blatjang (3 kg); | koekmeel (45 kg); | eiers (22 dos); |
| bakpoeier (1.5 kg); | asyn (1.5 liter); | kookolie (6 liter); |
| melk (40 liter); | botter (1 kg); | mieliemeel (12,5 kg). |

Baie dankie vir jou ondersteuning!

Kos groete,
Gawie Erasmus (082 448 9658)

## KOEKTAFEL

Ondersteun die heerlike koek, tert en piesangbrood wat te koop sal wees tydens die Lentemark.

- Bring enige vorm van gebak om verkoop te word.
- Help om die gebak te verkoop.
- Koop van die vars gebakte produkte.

Gee jou naam op onder die olyfboom om aan te dui watter gebak jy wil bring.

Kontak Rika Pretorius by 0825597705

Die jaarlikse mark word hierdie jaar op **7 September** hier by die kerk aangebied.
Dit beloof om weer 'n besondere geleentheid te wees, met stalletjies, speletjies, boeke, eet- en drinkgoed en ontspanning. Dagboek die datum.
Kyk uit vir die lys van bestanddele wat ons benodig word en bo-en-behalwe die bestanddele, benodig ons ook hande om te help met verskeie aktiwiteite.
Die waentjie staan by die uitgang na die parkeerterrein waar u, u donasies kan plaas. Ons vra ook weer boeke, plate, cd's, dvd's, en wit olifant artikels. Let asb daarop dat ons nie klere op die wit olifant tafel gaan verkoop nie. U kan steeds klere vir Eljada/Koningskinders skenk – merk dit duidelik asb.

Kontak asseblief die volgende lidmate om u hulp aan te bied:

**Kos**: Gawie Erasmus – 082 448 9658 en De Wet Burger - 083 216 2876
**Pannekoek**: Petro Lourens – 082 790 2244
**Koeldrank**: Marcel Wilson – 082 903 0552
**Speletjies**: Sanmari Venter – 0714 855 995 en Bernice Collett – 072 638 3281
**Tieners**: Danelle van der Merwe – 078 466 3320
**Digitale bemarking**: Maryke Maré – 079 258 7040
**Reklame**: Frikkie van Biljon – 072 995 4488
**Uitstallers**: Tjaart en Louisa – 082 824 2933 en 082 576 0692
**Wit Olifant**: Ds Maarten van Helden – 072 143 1855
**Terreinuitleg en afbakening**: Louisa – 082 576 0692 en die projekspan – Thys Reyneke – 082 778 9193
**Veiligheid**: Leon Venter – 082 455 7149
**Boeketafel**: Louisa – 082 576 0692
**Koektafel**: Rika Pretorius – 082 559 7705

Indien u self 'n uitstalruimte wil bespreek of van iemand weet wat wil bespreek, gebruik hierdie skakel om by die aansoekvorm uit te kom wat al die inligting bevat:
https://forms.gle/5Vzkytk1C7WAiAex6

Deel asb die onderstaande skakels na Facebook en Instagram met al u kontakte:
FaceBook: https://www.facebook.com/share/ALyjmvc7WY7frP8x/
Instagram: https://www.instagram.com/basden.market?igsh=MWZiMXVoZXh0eHk5dw==

By voorbaat dankie vir u ondersteuning.
Projekspan

Bied u hulp aan by die pannekoektafel:
https://forms.gle/Wg7nyaoUWta2oppS6 of qr kode.



# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 01-Sep | Rina | Burger | C06 | 27828538215 |
| | Luitha | Buys | C04 | 27722030024 |
| | Leonie | Nagel | C10 | 27844072196 |
| | Hein | Venter | C06 | 27833576141 |
| 02-Sep | Megan | Gentle | B01 | 27725944278 |
| | Danie | Rheeders | B05 | 27822566028 |
| | Corne | Smuts | A18 | 27828899691 |
| | Martin | Venter | B02 | 27832608041 |
| 04-Sep | Erhardt | Dorfling | E01 | 27626803230 |
| | Elizma | Duvenage | C08 | 27827896446 |
| | Paul | Grobler | C07 | 27826881445 |
| | Hannes | Holtzhausen | C05 | 27834128969 |
| 05-Sep | Rassie | Erasmus | B16 | 27725909188 |
| | Rozanne | Groenewald | A03 | 27828195947 |
| | Dalene | Maritz | C04 | 27822985428 |
| | Philip | Schutte | B02 | 27827786397 |
| | Lizel | Smith | B10 | 27824191635 |
| | Lydia | v Rooyen | B10 | 27828569450 |
| 06-Sep | Erich | Coetzee | C07 | 27825685915 |
| | Jan | Viljoen | C02 | 27823378351 |
| 07-Sep | Bets | Fourie | E01 | 27837271723 |
| | Jacques | Havenga | B14 | 27825630192 |
| | Erika | vd Wateren | C07 | 27824500923 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 02-Sep | Gretha | Grimsehl | C09 | 27732595552 |
| 03-Sep | Mikko | vd Walt | C15 | 27723052323 |
| | Troy | v Staden | A15 | 27761067724 |
| 04-Sep | Lisa | van Biljon | A16 | 27729223393 |
| 05-Sep | Haley | Terblanché | B02 | 27799388359 |
| 06-Sep | Francois | Jacobs | B14 | 27833567597 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Lucia van Wyk ondergaan komende week 'n prosedure (C2—083 449 5679).
- Ria Vorster sterk aan na 'n operasie (A17—435 8845).
- Isabel Pretorius sukkel met haar gesondheid (B12—654 1265).
- Andries Venter sterk aan in Unitas hospitaal (A11—076 122 4280).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk

Ignus en Inge van Rooy met die doop van Antoine.

Liam en Melinda Pilkington wat gister in die huwelik bevestig is.

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Passage: Acts 17:15-34
Rev Lourens Venter

**GTA Stap – almal wat gaan saam stap** kom na die oggenddiens hier in die kerk bymekaar om reëlings te finaliseer.

**Klein advertensies:**


**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Skoonmaak van Sonpanele**, verbeter jou werking van die toestel. Skakel Hennie 082 927 4326.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Meenthuis te huur**, Eldoraigne R9 900pm. 2 sk, 2 bk, 2 mh, sitkamer, eetkamer, kombuis in veilige en netjiese kompleks. Versorgde tuin en onderdakbraai. Skakel Elize 079 527 2079.


***Merk asb u skenkings duidelik bv. Koningskinders, Eljada.... Dankie.***




## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerk-gebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R510 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Okt 2024. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235
Aansoeke sluit **2 Sept 2024**




## Wyse Gryses

Maandag 2 September 2024

om 10:00

in die kerksaal

Louis en Judy Trichardt gaan ons vertel van hul wedervaringe as ereveldwagters in die Kruger Nasionale Park.



Daarna gaan ons, ons Bybelkennis uitbrei.

Bring jou Bybel en 'n pen saam!

Almal welkom!

### Turkye 2025

Beleef 'n onvergeetlike toer deur Turkye saam met ds Maarten. Stap in die voetspore van die vroeë Christene terwyl jy jou geloof versterk en nuwe geestelike insigte opdoen

Verken die ryk geestelike en historiese erfenis van Turkye. Besoek die oorblyfsels van die sewe gemeentes wat insluit Efese, Pergamum, Laodicea ens.



Ervaar die wonder van Bybelse landskappe.

Kontak Isabel 083 640 5304 vir meer inligting.

### Droëvrugte

Droëvrugte bestellings moet asb ingestuur word op die elektroniese vorm wat by die wyksusters beskikbaar is. Sodra genoeg bestellings ontvang is sal die vrugte bestel word en reg wees vir afhaal by die kerk.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**1 Sept**

| | |
|---|---|
| Rika Pretorius | B9 |
| Lourette vd Berg | B16 |
| René Erasmus | C5 |

**08 Sept**

| | |
|---|---|
| Riëtha Maritz | A10, A13, A16 |
| Charlotte Fourie | B6, B15 |
| Magda Pelser | A5 |

## Geestelike Opbou

**1 Sept**

na die aanddiens

**Hoe om verbondskinders dissipels van Jesus Christus te maak**

Die toerusting word aangebied deur ds Pieter le Roux en sy vrou Karyna. Hulle het 5 kinders wat wissel van ouderdomme 5-11 jaar. Die toerusting fokus veral op voorskool- en laerskoolkinders, maar sal ook waarde hê vir die ouers van hoërskool kinders. Die toerusting is nie net vir ouers & grootouers nie, maar vir alle gemeentelede. Elkeen van ons speel 'n rol in die vorming van die volgende geslag Christene!

Ons gaan aandag gee aan o.a.

- *Praktiese wenke vir huisgodsdiens.*
- *Gelowige maats vir my kinders.*
- *My kinders en persoonlike stiltetyd.*
- *My kinders en die erediens.*
- *Hoe kweek ek 'n liefde vir die Here in my kinders se harte.*
- *Hoe leer ek my kinders om te werk.*
- *Dissipline en dissipelskap.*
- *Die uitdagings en vreugdes van jong kinders in die huis vir die huwelik.*